SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 25 JULIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Echolinkgebruikers word uitgenooi om die bulletin op hul plaaslike herhalers te herlei.

Navrae oor hoe om Echolink te bekom en te gebruik of rapporte, kommentaar of voorstelle oor die Echolinkdiens sal waardeer word en kan per e-pos gestuur word aan zs6fcs@telkomsa.net.

STIL SLEUTELS

Die Wes-Rand Amateurradioklub kondig met leedwese die afsterwe van Clive Carr, ZS6CLC, op Donderdag 15 Julie 2004, aan.

Clive was 'n baie aktiewe lid van die klub. Vroeg in die 1990's was Clive 'n komiteelid asook voorsitter van die destydse Tak Wesrand van die SARL. Op 18 Julie 1992 het hy die Jong Amateur van die jaar toekenning van die SARL ontvang.

Ons betuig ons innige meegevoel met sy moeder, vader, suster, ander familie en vriende.

Die begrafnisdiens vind op Maandag 26 Julie om 11:00 vanuit die Discovery Christian Life Centre op die hoek van Celeste- en Winifredweg, Discovery, Roodepoort plaas.

Dit is met spyt dat ons die skielike heengaan van een van ons ou garde, Ronald Gilmour,ZS1K, terwyl hy by sy dogter in Johannesburg gekuier het, moet aankondig.

Ronnie, soos hy alom bekend was, was 87 jaar oud en het op Saterdag 17 Julie 'n hartaanval gehad en het 'n paar uur later beswyk.

Ronnie was 'n elektriese ingenieur by die Kaapstadse Munisipaliteit en het in Vishoek gebly waar hy 'n erelid van die Fish Hoek Amateur Radio, Electronics and Computer Club was.

Ronnie was die seun van die legendariese Peter Gilmour, ZS1K, wat op 'n stadium die oudste lewende radioamateur in Suid-Afrika was. Peter was die eerste radioeksperimenteerder om in 1910 programme aan die publiek vanaf sy huis in Muizenberg uit te saai.

Ronnie ZS1K/P6 het elke Sondag 'n gereelde sked met van sy ou vriende ZS1CL, ZS1GR, ZS1AU en ZS6LP gehad. Hy was werklik een van die laastes van die

ou garde van die vroeë dae.

Aan sy vrou Pippa, sy seun Ian, kleinkinders, ander familie en vriende gaan ons innige meegevoel uit.

Ons het ook verneem dat John D Kraus, W8JK, van Delaware, Ohio, radioster-rekundige, antennaontwerper, kosmiese navorser en outeur van die klassieke teksboek "Antennas" en ander titels op 18 Julie in die ouderdom van 94 jaar oorlede is. Amateurradio is baie aan sy nalatenskap verskuldig.

(POUSE)

In die nuus vandag:

SARLHAMFESTOPGRADERING

NUUS VAN DIE QSL-BURO

AMATEURS MOET KLK-TOETSE AAN SARL RAPPORTEER

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SARLHAMFESTOPGRADERING

Nog drie onderwerpe is bygevoeg tot die lesingsprogram vir die SARLhamfest wat op 21 Augustus gehou gaan word en dit beloof om die grootste amateurra-diogeleentheid te wees wat Suid-Afrika in jare beleef het. Dominique Toldo sal demonstrasies en 'n praatjie lewer oor sonfakkelmonitering, Dave Long, ZS5FR sal praat oor weersatellietontvangs en die toepassing in onderwys terwyl Thomas Abbott 'n lesing sal lewer oor drie nuwe antennas vir BHF waarvoor hy ook volledige ontwerp- en konstruksiebesonderhede sal verskaf.

Daarby sal daar 'n twee uur lange sessie wees oor boustelle met 'n aantal projekte wat gedemonstreer sal word. Boustelle sal ook te koop aangebied word.

Toegang tot die geleentheid sal R20 kos wat deelname aan die trekking vir die ICOM V8000 2-meter mobiele stel, wat deur Multisource geskenk is, insluit. Leerders en studente se toegang is gratis maar hulle sal nie aan die trekking deel hê nie.

Vir meer inligting oor die program besoek die SARL se webblad op www.sarl.org.za. Skryf in vir die gratis opgradering per e-pos deur jou e-posbesonderhede te stuur aan RTA@sarl.org.za en voer RTA in op die

onderwerplyn en laat ons in die boodskap weet wat jou vernaamste amateurradiobelangstelling is.

AMATEURS MOET KLK-TOETSE AAN SARL RAPPORTEER

By SATCON 2004 wat gister by die Universiteit van Kwazulu-Natal gehou is het SA AMSAT se president, Hans van de Groenendaal, ZS6AKV, amateurs en kortgolfluisteraars aangemoedig om enige buitengewone en aanhoudende steurings aan die SARL te rapporteer en op te let vir enige KLK-toetse wat in hulle omgewing gedoen word. Verskeie ander Metros het sedert Pretoria se voorbeeld begin belangstel en mag binnekort met toetse begin. As hoof van die SARL se KLK-span het hy gesê dat KLK-steurings satelliet- en swak BHF-seinkommunikasie kan beïnvloed deur kruismodulasie van KDK-seine met seine van sterk plaaslike radio- en televisiesenders. “Die wisselstroomverspreidingsnetwerk is ver van ’n perfekte RF-draer en is eerder gelykstaande aan ’n langdraadantenna” het hy gesê.

Rapporteer asseblief KLK-steuring en inligting oor plaaslike toetsing aan plc@sarl.org.za.

MEER NUUS OOR KLK

In opvolging van die vorige item pas dit om kennis te neem van wat in ander dele van die wêreld in verband met KLK gebeur en hier volg dus kort uittreksels daaroor uit QNEWS verkry.

Op Donderdag 24 Junie het VSA-President George W. Bush ’n toespraak gelewer getiteld “Hoë Tegnologie verbeter Ekonomie, Gesondheidsorg en Opvoeding”.

’n Uittreksel daaruit lees as volg:

“Dit gaan orals. Dit blyk sin te maak, is dit nie? indien waarna jy soek toegange tot die huis is. Wel, elektrisiteit gaan in die huis in. Daar is dus een groot geleentheid om breëband regdeur Amerika via ons kraglyne te versprei”.

In ’n ander nuusberig sê die ARRL dat die FCC klaarblyklik reeds sy gedagtes oor breëband (BKLK) opgemaak het en hulle “wil geen slegte nuus” oor die tegnologie hê nie.

Weereens het die ARRL die FCC gevra om besluitneming vir ’n jaar uit te stel en ook aanbeveel dat die FCC intussen van die voorsieners van BKLK vereis om steuringstoetse uit te voer waarby alle rolspelers betrek word en dat die FCC dit monitor.

En in Australië:

Ongelukkig het ons hier in VK-land verneem dat die ACA goedkeuring verleen het vir groot BKLK-netwerke in geboue.

Phil Wait, een van ons WIA-direkteure sê dat dit in Communications Day gerapporteer is dat SkyNetGlobal van die ACA goedkeuring verkry het vir hulle

In-Geboue kraglynkommunikasienetwerke. Die maatskappy het tans uitsluitlike kraglyntoegangsooreenkomste met 51 geboue wat meer as 10 000 huishoudings insluit. Met verlof van die ACA beplan hulle om nasionale dekking van 500 geboue met ongeveer 100 000 woonstelle gedurende die volgende 24 maande te verkry.

Finaal, AMSAT se standpunt:

AMSAT wys daarop dat BKLK feitlik verseker 'n invloed sal hê op frekwensies anders as wat dit werklik gebruik. Dit is die waarheid weens twee verskynsels implisiet in radio. Een hiervan is die opwekking van harmonieke en die ander is mengprodukte. Die volledige teks van al die voorleggings van AMSAT aan die FCC kan gevind word by http://www.amsat.org/amsat/amsat-na/filings/.

NUUS VAN DIE QSL-BURO

Die QSL-Buro vra dat lede moet sorg dat hulle genoeg A5-grootte self-geadresseerde koeverte met seëls by die buro het. Die seëls op die koeverte moet genoeg wees om 'n posstuk van ongeveer 200 gram te dek. Baie min lede het koeverte by die buro en die inkomende QSL-kaarte hoop op. Besorg jou koeverte so spoedig moontlik by die buro.

Die manne van die SARL se QSL-buro het nou die dag 'n interessante eksperiment uitgevoer. Hulle het 500 QSL-kaarte van verskillende diktes afgetel en hulle laat weeg. Die massa was 1,5 kg. By die Poskantoor het hulle vasgestel dat die oorseese posgeld daarop, per land en see ongeveer R97,00 per kg is. 1 000 QSL-kaarte sal dus 3 kg weeg en dit vermenigvuldig met R97,00 = R291,00; en ons betaal R290,00 jaarlikse ledegeld!

KLUBNUUS

Gedurende die Jaareindvergadering van die Zoeloeland Amateurradioklub, wat op 18 Julie te Richardsbaai plaasgevind het, is die volgende komiteelede verkies.

Voorsitter: Ty Ferguson, ZS5TT; Onder Voorsitter: Jan Erasmus, ZS5G; Tesourier: Willie Axford, ZS5WI; Sekretarese: Dawn Snyders, ZR5ME; Redakteur: Jo Snyders, ZR5PO; Lede: John Kramer, ZS5J; Andrew Jansen, ZR5MH; Warren Snyders. ZR5WOZ.

Ons wens hulle sterkte toe gedurende hul dienstermyn, en bedank die uittredende lede vir hul harde werk gedurende hul dienstermyn.

KATTEBAKVERKOPING

Die Wes-Rand Amateurradioklub sal op Saterdag 4 September om 12:00 SAT 'n kattebakverkoping hou by die WRARK-klubhuis in Krotonstraat Weltevredenpark. Let asseblief op dat die hekke om 12:00 oopmaak. Vir meer inligting skakel Dave, ZR6AOC, op 083 449 8991. Ons sien daarna uit om u en u vriende daar te ontmoet.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Aangesien Kobus, ZS6KOB, nog sonder data is, het ons na die ARRL se webwerf gaan kyk waar sonprofeet Tad Cook, K7RA, rapporteer: Stygende sonaktiwiteit is hierdie week in die nuus. Sonvlek 652, 'n werklik groot een, kyk tans reguit na die aarde. Ons ondervind ook koronale massauitwerping vanaf hierdie punt.

Syfers en indekse vir die afgelope week was as volg: Gemiddelde daaglikse sonvlekgetalle: 72 punte op teenoor die vorige week; Gemiddelde daaglikse sonvloed: byna 48 punte op; Daaglikse sonvlekgetal op Maandag 19 Julie: 176, die hoogste lesing sedert 30 November 2003; Sonvloed op 20 Julie: 175,2, die hoogste waarde sedert 24 November verlede jaar.

Natuurlik beteken hierdie syfers nie 'n opwaartse tendens in die sonsiklus nie, maar op hierdie stadium is daar steeds genoeg wisselings om vir opwinding en belangstelling te sorg.

Vir HF benodig ons gewoonlik hoë sonvlektellings vir 'n aantal dae met stabiele geomagnetiese toestande. Dikwels kom die twee toestande nie gelyktydig voor nie.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

Vandag is die laaste Sondag van hierdie maand en is dit dus weer die geleentheid om 12:00 om aan die President se net deel te neem; 25 Julie: Vandag is die laaste dag vir die instuur van u kommentaar oor die evalueringsvoorstelle vir 'n ZS-lisensie, wat voorverlede week aangekondig is, per e-pos aan secretary@sarl.org.za of per faks aan die SARL-kantoor by (011) 675 2793 of per pos aan Posbus 1721, STRUBEBSVALLEI, 1735. 1 Augustus: SARL HF-foonkompetisie; 7 Augustus: Magalies Radioamateurklub begin met RAE-kursus; 14 Augustus: Afd.6 BHF/UHF Werkgroep vergader; 21 Augustus: Radiotegnologie-in-Aksie en vlooimark by die NARS; 4 September: Wesrand Amateurradioklub hou 'n kattebakverkoping. 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; Betaal u SARL-lidmaatskapgeld; Maak 'n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za; Gesiggestremde amateurs kontak Dave, ZS1LDH, by 021-761-8386 of e- pos Dave, per adres die Kaapstad Amateurradiosentrum, na zs1ct@qsl.net indien u Radio ZS op band wil ontvang. Stuur SARL-geskiedenis per e-pos na zs6p@iafrica.com.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie

ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX